

**Maandag 18 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 15:22-31**

**Fokusgedeelte: Numeri 15:30, 31**

### **Onopsetlike en moedswillige sondes**

In Numeri 15 gee die Here duidelike riglyne vir die hantering van onopsetlike en moedswillige sondes. Hieruit blyk dat sondes, selfs waar dit onopsetlik is, skuld op die sondaar sowel as die geloofsgemeenskap laai. Daarom die voorskrifte vir offers om beide sondaar en gemeente met God te versoen.

Die Hebreeuse frase wat in Afrikaans met “*moedswillig*” of “*opsetlik*” vertaal word, kan letterlik “*met ’n hoë (opgehefde) hand optree*” lees. Dit impliseer dat God se Woord willens en wetens teengestaan en sy wil vir die lewe uitgedaag word. Sulke sondes kan nie met die normale offerstelsel versoen word nie. Dit word as só erg gereken dat daar net een manier is om daarmee te handel: Jy word van die gemeente afgesny. Wanneer die persoon se optrede die Here oneer aandoen, sy Woord minag of sy gebooe verbreek op moedswillig of opsetlike wyse, verdien dit die doodstraf! (God se oordeel oor Eli en sy familie dien as goeie voorbeeld – 1 Sam. 3:14.)

In sy uitleg van die sonde teen die Heilige Gees verwys die Here Jesus waarskynlik na die beskrywing van moedswillige of opsetlike sondes in Numeri 15:30-31 (Matt. 12:32). Indien die werk van die Heilige Gees op soortgelyke wyse verag en verontagsaam word, en daarbenewens deur “*lastering*” aan die duiwel toegeskryf word, is dit ’n sonde wat só afgryslik sleg geag word dat dit onvermydelik tot die (geestelike) dood sal lei.

Numeri 15 oorreed ons vandag om gehoorsaam en toegewyd aan God te lewe. Christengelowiges se lewenstyl laat nie moedswillige sonde toe nie! “*As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde*” (Jak. 4:17).

*Sing: Psalm 95-1:4*

*Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)*